

26 September

Skrifgedeelte: Esra 9:6-15

Fokusgedeelte: Esra 9:7, 8

Dink in jou sondeskuld aan die Here se weg met jou

Die leiers en ampsdraers van God se volk, wat in die diens aan die Here moes voorloop, het met heidense vroue getrou. Wanneer Esra hoor van die sonde, skeur hy sy klere, trek sy hare en baard uit en gaan sit in verslaentheid (vs. 3). Waarom die hewige reaksie? Omdat hy die sonde van die volk sien teen die agtergrond van die Here se geskiedenis met sy volk.

Daar is twee sake wat belangrik is, naamlik die Here se straf én genade in die verlede: In 587/586 vC word die volk weens hulle sonde na Babilonië weggevoer. Die vermenging met heidene was deels die rede vir die straf (vs. 10-12, 14). Na baie waarskuwings hét die Here sy oordeel voltrek. Sonde teen die heilige God is nie speletjies nie en kan nie ligtelik afgemaak word nie.

Die wonder is: In genade maak die Here 'n nuwe begin! Deur die Persiese koning Kores kan die Jode na Jerusalem teruggaan (Esra 7:27). Die Here het hulle laat vrykom, vastigheid gegee, kortom – Hy het aan hulle lewe uit die dood gegee (vs. 8).

Teen hierdie agtergrond van beide die toorn en wonderlike genade van die Here is hulle hernude sonde skrikwekkend (vs. 6). Het hulle dan nie geleer uit God se oordeel oor die sonde van die voorvaders nie? Nou het hulle weer God se genade ontvang – sal 'n mens die Here se genade so vergeet, misbruik en vertrap? Hulle verdien finale oordeel (vs. 14). Esra bid in skaamte sy aangrypende verootmoedigingsgebed.

Kennis van God se oordeel en genade lei tot ware berou en skuldbelydenis. In Jesus se lyding sien ons beide God se toorn en genade: die felheid van sy toorn stuur Jesus na die kruis op Golgota. Deur sy genade is dit juis sy Seun wat ly en nie ons nie. Ons sondes is altyd "ondanks" – ondanks ons kennis en ervaring van sy toorn én genade. Hierdie "ondanks-besef" vlek die grootheid van ons sonde oop en bring ons op ons knieë. Wanneer jy sonde doen of moet bely, onthou tog al die genade van die Here en sy tugtigings in jou verlede.

Sing: Psalm 119:23, 25 (Totius)

Ds. JGL van der Walt (Oudtshoorn)